



7 Februarie 2022

OB: 5 / 2022

Geagte ouers

1. Tennis:

2 Februarie: PNHS senior dogters v/s Eduplex. PNHS wen met 48 – 19. Geluk aan: Maruché Smith (11-0) en Lenushke van Niekerk (11-0) wat hul wedstryde wen. Dit was ons eerste ligabepaling.

2. Swem: Liga 2: Sutherland, 3 Februarie 2022

Ongelukkig het ons nog geen uitslae van Sutherland ontvang nie, behalwe dat ons algeheel 3de geëindig het by die byeenkoms.

3. Atletiek: Liga 3: Teen die Berg byeenkoms, 4 Februarie 2022

Ongelukkig weens reën afgestel.

4. Graad 12 uitslae 2021

- **Leerders wat vir die hereksamen vir Junie 2022 wil registreer doen dit by die skool self. Registrasie vir die hereksamen sluit op 18 Februarie 2022.**

5. GDO nuwe COVID regulasies

Soos verwag het die minister van Basiese Onderwys nuwe regulasies uitgevaardig vir die hantering van COVID 19 in skole:

- Alle skole moet nou terugkeer na 100% kapasiteit.
- Die bestaande 1m afstand verval.
- Slegs persone wat COVID 19 positief toets met simptome moet isoleer. Geen isolasie indien daar nie simptome is nie.
- Isolاسie met simptome word verkort na 7 dae.
- Indien 'n leerder positief toets met simptome moet die skool nog steeds onmiddellik in kennis gestel word.
- Normale COVID 19 protokol: maskers, sanitering en skandering bly steeds van krag.
- Geen buite persoon mag die skool betree behalwe met toestemming van die hoof of HOD en per afspraak nie.
- Pg. 8 laat egter wel sport- en ander byeenkomste toe met toeskouers, met 'n maksimum van 2000 toeskouers of 50 % van die kapasiteit van die fasiliteit mits die fasiliteit kleiner is.
- 1,5 M afstand moet by sportbyeenkomste deur toeskouers gehandhaaf word.

Ons het tans 1 leerder wat positief getoets het met simptome wat tans isoleer.

6. Program vir die week

- Maandag, 7 Februarie: * Graad 8 – 12, dag 4.
* Detensie, 14H15 – 16H15
- Dinsdag, 8 Februarie * Graad 8 – 12, dag 5
* Graad 12 Akademiese uur, sleutel 1, 14H15 – 15H15.
* Revue-oudisies, 16H00 – 18H00, saal.
* Akademie vir Leierskap vergadering, 18H00, personeelkamer.
- Woensdag, 9 Februarie: * Graad 8 – 12, dag 6.
* Atletiek TUKS Top 10, 09H00 – 22H00, LC de Villiers. **Bussie vertrek om 06H30.**
* Graad 8 – 11 akademiese uur, 14H15 – 15H15.
* Tennis Akademie vergadering, 16H00, personeelkamer.
- Donderdag, 10 Februarie: * Graad 8 – 12, dag 1.
* **Toetsreeks.**
* Atletiek: distrik Cluster byeenkoms, HTS Tuine, 09H00 – 14H30.
Atlete skryf toets om 06H30 in K 65 en vertrek om 07H30.
* Graad 12 Akademiese uur, sleutel 2, 14H15 – 15H15.
* Swem liga 3, 14H30, Woodhill.
- Vrydag, 11 Februarie: * **Fotodag. Geen Vrydagdrag nie, slegs skooldrag, verkieslik wintersdrag.**
* **Atletiek: Liga 4: Hartebeespoort, 14H30. Deelnemende skole: Hartebeespoort, Pretoria-Noord, Frikkie Meyer, Brits, Gerrit Maritz. SKOOL SLUIT OM 13H00.**
- Maandag, 14 Februarie: * Graad 8 – 12, **dag 2.**
* Detensie, 14H15 – 16H15

Vriendelike Groete



Mnr. CJC Driescher
Hoof